Volume 1

Klassieke Weg!

'n keur uit *Weg* se beste reisverhale

By *Weg* is daar g'n iets soos 'n weggooiwoord of -sin nie. In my meer as 'n dekade se betrokkenheid by die tydskrif, het ek die waarde hiervan leer verstaan. Wanneer jy as joernalis met ons stigtersredakteur, Bun Booyens, gekibbel het oor jou gunstelingwoord wat hy uit 'n storie van jou gesny het, was sy vraag altyd: "Is jy bereid om my R10 vir die insluit van daardie enkele woord te betaal?"

Sy opvolger, Barnie Louw, het sommer rooi in die gesig geraak indien jy 'n storie inhandig waarin jy terugval op lui, verbeeldinglose beskrywings. 'n *Weg*-storie is nie iets wat jy aframmel nie. Dit is iets waarmee jy vir dae, weke en soms selfs maande lank rondloop en worstel. Dit is iets waarvoor jy omgee, want jy besef jy' t 'n verantwoordelikheid teenoor die leser van die tydskrif. En julle, die lesers, is die mense wat die waarde van 'n woord meer as enigiemand verstaan.

Die beste reise vertel hulleself. Jy as skrywer ervaar: Jy duik in die bergpoel, staan verstom voor 'n sonsopkoms, en smul aan die stuk varsgebraaide vis iewers langs 'n strand. Maar hoe bring jy hierdie belewenisse na die lesers toe sonder om die koelheid van die poel te verloor, of die sliert mis uit die sonsopkoms weg te laat, of versuim om te noem van die growwe sandkorrels tussen jou tone terwyl jy daai vis eet?

Dít is die uitdagings waarvoor ons skrywers (en fotograwe) altyd kans sien. Waarvoor hulle hónger is.

Hierdie versameling klassieke *Weg*-artikels vat jou terug na ons gunstelingreise oor die jare heen. Stories só goed dat hulle maar wéér vertel (en gelees) kan word. Geniet dit!

TOAST

NOTA *Onthou dat baie dinge al verander het in die betrokke gebiede sedert die oorspronklike artikel verskyn het. Doen jou navorsing ordentlik alvorens jy jou eie reis na een van hierdie bestemmings beplan.*

VOORBLADFOTO **TOAST COETZER**

INHOUD

4 AFRIKA
Die skip wat nie wil sterf nie
– Dana Snyman

14 ANTARKTIKA
Die groot wit plaas
– Bun Booyens

22 KAMMANASSIEBERG
Uit die wêreld se pad uit
– Albertus van Wyk

30 FAURESMITH
Laat skiet daai leisels!
– Sophia van Taak

38 WINBURG
'Telkom Winburg, Magdel goeienaand?'
– Erns Grundling

44 NAMAKWALAND
Oom Gert Dirkse kyk diep
– Erns Grundling

50 ANGOLA
Stamp-stamp Luanda toe en stamp-stamp terug
– Barnie Louw

58 NAMIBIË
Op Damaraland se dak
– Esma le Roux

66 ZAMBIË
Vlermuisvuurwerk
– Toast Coetzer

72 BOTSWANA
Botswana se reguit grote
– Toast Coetzer

80 KAROO
'Hulle het van ons vergeet'
– Dana Snyman

92 SUID-AFRIKA
Landsreis deel 1, deel 2 & deel 3
– Toast Coetzer

118 NAMIBIË
Hoe om klein te voel
– Sam Reinders